# 24 Julie 2023 - Lesing 81 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Selfverwyt in die hiernamaals – 1/11/58

**NO: 7199** Vroeër of later sal julle die tyd bitter berou wat julle in julle aardse lewe verlore laat gaan het en julle in die hiernamaals besef **wat julle in julle aardse lewe verspeel het.**

En die verlore tyd tydens julle aardse lewe is elke dag wat julle wêrelds geniet het, **waarin geestelike gedagtes geen kans gekry het nie**, wat dus nie aan die eintlike doel beantwoord het wat die rede is waarop julle beliggaming as mense gebaseer is nie. Solank julle op aarde vertoef het, het julle hierdie kennis nie ernstig opgeneem nie, selfs wanneer julle dit besit het. Maar in die ryk hierna sal dit op julle druk soos 'n swaar rots wat julle nie sal kan afwentel nie. Steeds weer sal hierdie dae telkens by julle in herinnering kom en **julle sal spyt hê oor elke onbenutte daad**, net soos wat julle bittere berou sal hê oor elke onbenutte geleentheid waar julle kon gewerk het aan julle siel.

En dan kan julle julleself as begenadig beskou wanneer julle daardie insig verkry in die geestelike ryk, **wanneer julle nie tot diegene behoort wat volkome in duisternis versonke is en geen berou voel nie,** omdat hulle eenvoudig nie kan insien waaraan hulle hulself skuldig gemaak het nie, - hulle, wat nog vir 'n lang tyd sal moet worstel om ooit in die toestand te kom waar hulle 'n klein skynsel lig kan sien en eers dan bewus kan word hoe vrugteloos hul aardse lewe was.

Want sodra die ligskynsel eenmaal aanwesig is, kan die **bittere berou die siel nog motiveer** om in haarself te keer en verander in haar denke en wil. En dan kan soveel krag aan haar gestuur word dat sy nou ook **behulpsaam besig kan wees by noodlydende siele** en dan sal haar vooruitgang verseker wees, al is dit onder **heelwat moeiliker omstandighede** as wat dit in die lewe op aarde moontlik was.

Daarom moet berou vooruitgang voorafgaan. Want eers wanneer die siel hierdie insig begin kry, sal sy poog om haar toestand te verbeter.

En elke insig toon ook aan haar die vergeefse lewensweg op aarde en bittere berou sal steeds die gevolg wees, maar **sal ook 'n keerpunt in haar ongelukkige toestand beteken**.

Maar daarom is dit ook vir die mens van die grootste belang, terwyl hy nog op aarde, - al is dit gering, - kennis opdoen, **wanneer hy die doel van die aardse lewe begin insien** en nog aan homself werk voordat hy afskeid neem van hierdie aardse wêreld.

Want om net met die geringste insig van die aarde af heen te gaan, beteken steeds 'n ligpuntjie vir hierdie siel. Sy sal na haar dood nie in die uiterste duisternis oorgeplaas word nie, **sy sal in die skemerlig in staat wees om die weg te vind** en die skille sal van haar oë val en sy sal dan ook alles doen om aan haarself lig te verskaf.

Sy sal ook besef dat daar vir haar baie werk in die geestelike ryk wag wanneer sy maar bereid sal wees om dit te verrig.

En 'n klein ligpuntjie sal haar ook die goeie weg aanwys wat sy nou gaan, wel met 'n gevoel van berou dat sy die aardse lewe nie korrek gebruik het nie, maar ook met die voortdurende hoop op hulp, wat ook verseker aan haar verleen sal word, sodra sy JaHshua Messias erken het en Hom om hulp vra.

Dan sal sy nie hopeloos verlore wees nie. Sy sal opwaarts kan klim, **slegs sal sy nooit die graad kan bereik wat aan haar onbeperkte geluksaligheid gee aan die hart van die Vader nie – die kindskap van God** - wat die groot lot is van diegene wat op aarde gepoog het om die opdrag na te kom wat aan hulle gestel was, die wie al op aarde die band gesoek en gevind het met hul Vader van ewigheid. Amein.